

## Die Seun het as Mens die duiwel ontwapen

Heb 2:14-16

13 Maart 2022

1. Heb 2:13-15 – Die Seun is ons Leidsman – Hy heers reeds oor alles, ons het die verwagting om saam met Hom te heers
2. Die wonder van die menswording van die Seun
  - a. Ons het gebrekkige insig in hierdie unieke gebeurtenis (1 Kor 13:12)
  - b. Ons raak opgewonde oor die bemoeienis van die engele met ons (Heb 1:14), hoeveel te meer dan nie oor die bemoeienis van die Seun as Hy gelyk word aan ons nie!
  - c. Wanneer Hy mens word, gaan dit gepaard met die verskyning van die heerlijkheid van God (Luk 2:9)
3. Noodsaak vir die menswording van die Seun
  - a. Hy wat heilig maak en hulle wat geheilig word, is een (Heb 2:11, vgl 1 Kor 1:16, Joh 17)
  - b. Hy oorbrug die kloof tussen God en die mens, waarna ons Hom as ons Leidsman kan volg
4. Aard van die menswording van die Seun
  - a. Vlees en bloed: broos, nietig, sterflik, afhanklik (vgl Ef 6:12)
  - b. Die Seun het soos die mens geword – toon dieselfde eienskappe as die mens
5. Volmaaktheid van die Seun as mens
  - a. Ons is as mense geskape, die Seun het egter vrywillig mens geword (Fil 2:6-7)
  - b. Hy was sonder sonde (Luk 1:35b)
6. Doel van die menswording van die Seun (vgl ook Heb 2:10, 17-18, Joh 3:16, 1 Tim 1:15)
  - a. Die Seun het mens geword om die duiwel tot niet te maak (Heb 2:14)
    - i. Mag oor die dood beteken nie duiwel laat mense sterf nie (Deut 32:39)
    - ii. Duiwel is moordenaar en leuenaar (Joh 8:44-45)
    - iii. Duiwel het mense by God aangekla met geldige redes: God is regverdig, God se wet staan vas, mense se sonde is teen die wet, dus moet hulle sterf
    - iv. Die Seun het as sondelose mens gelowiges se sondes op Hom geneem en daarvoor gesterf – dus is die grond vir duiwel se aanklag weggeneem, duiwel is ontwapen (Kol 2:14-15)
    - v. Duiwel is nietig en sal finaal vernietig word (vgl 1 Pet 5:8, Op 20:10)
  - b. Die Seun het mens geword om gelowiges te bevry van vrees vir die dood (vers 15)
    - i. Van nature vrees mense die dood (Gen 3:8, 4:13-14, 1 Sam 28, Hand 24:25, Op 6:15-16)
    - ii. Vir gelowiges verdwyn die vrees – daar is geen sinvolle aanklag meer nie
    - iii. Vgl: Dawid en Goliat (1 Sam 17)
  - c. Die Seun het mens geword om beslag te lê op nageslag van Abraham (vers 16)
    - i. Begaan (NAV), bekommerd (OAV), helps (NIV, ESV) – gegryp (vgl Mat 4:31)
    - ii. Seun “gryp” die nageslag van Abraham, dus ware gelowiges (Gal 3:7-9)
    - iii. Seun “gryp” nie die engele nie (Hy het mens geword, nie ‘n engel nie)
    - iv. Seun “gryp” nie die nageslag van Adam nie
7. Toepassing
  - a. Menswording van die Seun is nie ter wille van tipiese bevrydingsteologie nie
  - b. Wel ter wille van God se doel met alles